(2) Where no chief fire officer has been appointed, or where no acting chief fire officer has been appointed by the municipal manager as contemplated in section 9(3), the municipal manager is responsible for the administration and enforcement of this by-law.

8. Delegation

(1) The chief fire officer may delegate any power granted to him in terms of this by-law as contemplated in section 19 of the Act or in accordance with the system of delegation of the municipality developed in terms of section 59 of the Municipal Systems Act.

(2) A municipal manager may delegate any power granted to him in terms of this by-law in accordance with the system of delegation of the municipality developed in terms of section 59 of the Municipal Systems Act.

9. Chief fire officer

(1) The chief fire officer has the powers as contemplated in sections 8(1) and 8(2) of the Act, and must also—

- (a) make or implement such general orders, procedures, rules and such other measures as he may consider necessary for the proper administration and enforcement of this by-law; provided that the making or implementation of such general orders, procedures, rules and such other measures are not inconsistent with the provisions of this by-law or any other by-law or policy of the municipality;
- (b) ensure that contact numbers in respect of the Service are made available to the public and other institutions or organisations; and
- (c) inform the municipal manager of operational requirements for the structuring of the Service as contemplated in section 5.

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, the chief fire officer has the authority to investigate the cause, origin and circumstances of any fire or other threatening danger.

(3) Whenever the chief fire officer is for any reason unable to perform his duties of office, the municipal manager must appoint a suitably qualified member of the Service as acting chief fire officer to perform the duties and functions of the chief fire officer.

10. Instructions by members of service

(1) In addition to any powers as contemplated in section 8 of the Act, a member may give any instruction to any person in order to secure compliance with this by-law or to ensure the safety of any person or property.

(2) An instruction may be given orally or in writing and if the instruction is given orally, the member must confirm it in writing and give it to the person concerned at the earliest opportunity.

(3) An instruction contemplated in subsection (1) may include, but is not limited to an instruction—

- (a) for the immediate evacuation of any premises;
- (b) to close or barricade any premises, or part thereof, until such time as any contravention of this by-law has been rectified;
- (c) to cease any activity;
- (d) to remove any immediate threat to the safety of any person or property;
- (e) to take specified steps to comply with this by-law, either immediately or within a specified period; and
- (f) if it is not reasonable for steps referred to in paragraph (e) to be taken immediately for the owner or person in charge of the premises concerned, to provide the chief fire officer with a written description of the steps to be taken and a time-table for the taking of these steps in order to ensure compliance with this by-law.

7. Administrasie en afdwinging

(1) Die brandweerhoof is verantwoordelik vir die administrasie en afdwinging van hierdie verordening.

(2) Waar geen brandweerhoof aangestel is nie of waar geen waarnemende brandweerhoof deur die munisipale bestuurder aangestel is nie soos beoog in artikel 9(3), is die munisipale bestuurder verantwoordelik vir die administrasie en afdwinging van hierdie verordening.

8. Delegering

(1) Die brandweerhoof mag enige bevoegdheid wat ingevolge hierdie Verordening aan hom verleen is deleger soos beoog in artikel 19 van die Wet of ooreenkomstig die delegeringstelsel van die munisipaliteit wat ingevolge artikel 59 van die Munisipale Stelselwet ontwikkel is.

(2) 'n Munisipale bestuurder mag enige bevoegdheid wat ingevolge hierdie verordening aan hom verleen is, deleger in ooreenstemming met die delegeringstelsel van die munisipaliteit wat ingevolge artikel 59 van die Munisipale Stelselwet ontwikkel is.

9. Brandweerhoof

(1) Die brandweerhoof het die bevoegdhede soos beoog in artikels 8(1) en 8(2) van die Wet en moet ook—

- (a) sodanige algemene bevele, prosedures, reëls en sodanige ander maatreëls maak of implementeer as wat nodig geag word vir die behoorlike administrasie en afdwinging van hierdie verordening; met dien verstande dat die maak of implementering van sodanige algemene bevele, prosedures, reëls en ander sodanige ander maatreëls nie teenstrydig met die bepalings van hierdie verordening of enige ander verordening of beleid van die munisipaliteit is nie.
- (b) verseker dat kontaknommers ten opsigte van die diens beskikbaar gemaak word aan die publiek en ander instellings of organisasies;
- (c) die munisipale bestuurder in kennis stel van operasionele vereistes vir die strukturering van die Diens soos beoog in artikel 5.

(2) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel vervat in enige ander wet, het die brandweerhoof die bevoegdheid om die oorsaak, ontstaan en omstandighede van enige brand of ander dreigende gevaar te ondersoek.

(3) Wanneer die brandweerhoof vir enige rede nie in staat is om sy ampspligte te verrig nie, moet die munisipale bestuurder 'n behoorlik gekwalifiseerde lid van die diens as waarnemende brandweerhoof aanstel om die pligte en bevoegdhede van die brandweerhoof te verrig.

10. Instruksies deur lede van diens

(1) Addisioneel tot enige bevoegdhede soos beoog in artikel 8 van die Wet, mag 'n lid enige instruksie aan enige persoon gee ten einde voldoening aan hierdie verordening of die veiligheid van enige persoon of eiendom te verseker.

(2) 'n Instruksie mag mondelings of skriftelik gegee word en indien dit gegee word, moet die lid dit skriftelik bevestig en dit by die vroegste geleentheid aan die persoon gee.

(3) 'n Instruksie beoog in subartikel (2) mag insluit, maar is nie beperk tot 'n instruksie—

- (a) vir die onmiddellike ontruiming van enige perseel;
- (b) om enige perseel, of gedeelte daarvan, te sluit of te versper totdat enige oortreding van hierdie verordening reggestel is;
- (c) om enige aktiwiteit te staak;
- (d) om enige onmiddellike bedreiging van die veiligheid van enige persoon of eiendom te verwyder;
- (e) om gespesifiseerde stappe te neem om onmiddellik of binne 'n gespesifiseerde tyd aan hierdie verordening te voldoen; en
- (f) indien dit nie vir die eienaar of persoon in beheer van die betrokke perseel redelik is om die stappe gemeld in subartikel (e) onmiddellik te neem nie, om die brandweerhoof te voorsien van 'n skriftelike beskrywing van die stappe wat geneem gaan word en 'n tydskaal vir die neem van die stappe ten einde voldoening aan hierdie verordening te verseker.

11. Pretending to be member of service prohibited

- (1) No person may pretend to be a member.
- (2) No person who is not a member may wear any official clothing, uniform, badge or insignia of the Service.

12. Certificates to identify members of service

- (1) The chief fire officer must provide each member with an identification document identifying that person as a member.
- (2) A member, while performing any function or exercising any power as contemplated in this by-law must—
 - (a) keep the identification document provided in terms of subsection (1), on his person; and
 - (b) produce it for inspection on request by any person.

13. Wearing of uniform and insignia

- (1) The chief fire officer and every member of the Service must wear the uniform, rank markings and insignia of the Service as prescribed.
- (2) Uniforms, rank markings and insignia as contemplated in subsection (1) must be issued to the chief fire officer and members of the Service in accordance with the conditions of employment of the municipality or as agreed collectively.

14. Driving service vehicles

- (1) A member may, with the written authority of the chief fire officer and as directed in the exercise of his or her duties, drive a service vehicle if he or she is in possession of a valid driving licence for the code of vehicle in question.
- (2) A member, who is duly authorised to do so, as contemplated in subsection (1), must drive a Service vehicle in accordance with the provisions of the National Road Traffic Act, 1996, and any regulations made under the Act.

15. Duties and orders during emergency situations

- (1) The chief fire officer or a member in charge of an emergency situation, including one attended in terms of an agreement, must, in respect of every such emergency situation, ensure that—
 - (a) sufficient manpower and the appropriate apparatus and equipment are made available, deployed and are used without delay;
 - (b) the emergency situation is immediately assessed upon arrival and additional resources or assistance that he may deem necessary, are called for without delay.
 - (c) all information, including information about places and times and relevant particulars, is recorded during the emergency situation or as soon as possible after the emergency situation, and that the recorded information is preserved in accordance with the provisions of the National Archives of South Africa Act, 1996 (Act 43 of 1996), and any regulations made under the Act.
- (2) Any person or body, including any State department as contemplated in section 17 of the Act, the South African Police Service and the Department of Justice, who wishes to inspect any information referred to in subsection (1)(c) must send a motivated request in writing to the chief fire officer along with the prescribed fees.
- (3) Any press or media release concerning the Service, emergency situations or any matter in relation thereto must be in accordance with the policy guidelines determined by the municipality.

16. Right of access to buildings and premises and issue of instructions

- (1) The chief fire officer or a member may, in executing the powers delegated in terms of this by-law or any other legislation, enter any premises at any reasonable time to conduct inspections in order to determine the existence of a fire hazard or compliance with any applicable legislation relating to fire safety on such premises.
- (2) Should any fire hazard or condition of non-compliance contemplated in subsection (1) exist, such member may serve a written instruction on the owner or occupier of such premises and such notice shall incorporate such directives or requirements that are necessary to

11. Voorgee as lid van diens verbode

- (1) Geen persoon mag voorgee om 'n lid te wees nie.
- (2) Geen persoon wat nie 'n lid is nie mag enige amptelike kledingstukke, uniform, wapen of kentekens van die diens dra nie.

12. Sertifikate om lede van diens te identifiseer

- (1) Die brandweerhoof moet elke lid van die diens van 'n identifikasie dokument voorsien om daardie persoon as 'n lid van die diens te identifiseer.
- (2) 'n Lid moet tydens die verrigting van enige funksie of uitvoering van enige bevoegdheid soos beoog in hierdie verordening—
 - (a) die identifikasie dokument voorsien ingevolge subartikel (1) by hom dra; en
 - (b) dit op versoek van enige persoon vir inspeksie toon.

13. Dra van uniform en kentekens

- (1) Die brandweerhoof en elke lid van die diens moet die uniform, rangmerke en kentekens van die diens dra soos voorgeskryf.
- (2) Uniforms, rangmerke en kentekens soos beoog in subartikel (1) moet aan die brandweerhoof en lede van die diens uitgereik word ooreenkomstig die diensvoorwaardes van die munisipaliteit of soos kollektief ooreengekom.

14. Bestuur van diensvoertuie

- (1) 'n Lid mag, met die skriftelike toestemming van die brandweerhoof en soos opgedra in die uitvoering van sy of haar pligte, 'n diensvoertuig bestuur indien hy of sy in besit is van 'n geldige bestuurderslisensie vir die kode voertuig betrokke.
- (2) 'n Lid wat behoorlik gemagtig is om dit te doen soos beoog in subartikel (1), moet 'n diensvoertuig ooreenkomstig die Nasionale Padverkeerswet, 1996 en enige regulasies daarkragtens gemaak, bestuur.

15. Pligte en bevels gedurende noodsituasies

- (1) Die brandweerhoof of 'n lid in beheer van 'n noodsituasie, ingesluit een wat ingevolge 'n ooreenkomstige optree, moet ten opsigte van elke sodanige noodsituasie verseker dat—
 - (a) voldoende mannekrag en toepaslike apparaat en toerusting beskikbaar gemaak, ontplooi en sonder vertraging aangewend word;
 - (b) die noodsituasie onmiddellik by aankoms geëvalueer en addisionele bronne of bystand wat nodig geag word, versoek word;
 - (c) alle inligting, ingesluit inligting omtrent plekke en tye en relevante besonderhede, tydens die noodsituasie of so spoedig na die noodsituasie, op rekord gestel word en dat sodanige rekord bewaar word ooreenkomstig die Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika, 1996 (Wet 43 van 1996) en enige regulasies daarkragtens gemaak.
- (2) Enige persoon of liggaam, ingesluit 'n staatsdepartement soos beoog in artikel 17 van die Wet, die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Departement van Justisie, wat enige inligting beoog in subartikel (1)(c) wil inspekteer, moet 'n gemotiveerde skriftelike versoek aan die brandweerhoof rig tesame met die voorgeskrewe gelde.
- (3) Enige pers of media vrystelling aangaande die Diens, noodsituasie of enige aangeleentheid in verband daarmee moet in ooreenstemming wees met die beleidsriglyne bepaal deur die munisipaliteit.

16. Reg van toegang tot geboue en persele en uitreiking van instruksies

- (1) Die brandweerhoof of 'n lid van die diens mag in die uitvoering van magte gedelegeer ingevolge hierdie verordening of enige ander wetgewing, enige perseel op enige redelike tyd betree om inspeksies te doen ten einde die bestaan van 'n brandgevaar of voldoening aan enige toepaslike wetgewing met betrekking tot brandveiligheid op persele, vas te stel.
- (2) Indien enige brandgevaar of toestand van nie-voldoening beoog in subartikel (1) bestaan, mag sodanige lid 'n skriftelike kennisgewing aan

abate the condition, which instruction must determine a deadline for compliance.

(3) Whenever any condition that may increase the risk of fire or which may pose a threat to life or property exists on any premises and such condition cannot be immediately rectified, or if costs need to be incurred to rectify such condition, the owner of the premises must, after receiving any written instruction referred to in subsection (2), inform the chief fire officer forthwith, in writing, of the measures which he or she intends taking to remedy the condition and provide a programme and deadline to the chief fire officer for approval.

(4) The chief fire officer may approve the proposed measures and deadline with or without amendments and may give further instructions for compliance with the proposed or required measures.

17 Interference with the Service

No person may interfere with, prevent, obstruct or hinder the chief fire officer, municipal manager or any member in the execution of his duties as contemplated in this by-law or the Act.

18. Furnishing of false information

No person may give any member of the Service any notice, or furnish any information regarding an outbreak of fire, or any other emergency situation requiring the attendance of the Service, and which, to his knowledge, is false or inaccurate.

19. Denial, suspension or revocation of an approval or a certificate

The chief fire officer may refuse, suspend or revoke an approval or a certificate required by this by-law for—

- (a) failure to meet the requirements of this by-law for the issue of the approval or certificate; or
- (b) non-compliance with the provisions of the approval or certificate.

20 Records required, access to records and release of media statements

(1) The safekeeping of all relevant records and documents pertaining to the Service in accordance with the provisions of the National Archives and Record Service of South Africa Act is the responsibility of the municipal manager.

(2) A request for access to a record held for the purpose or with regard to the exercise of a power or the performance of a function in respect of the Service must be made in accordance with the provisions of the Promotion of Access to Information Act.

(3) Media statements regarding the Service must be released as prescribed in terms of the communication strategy of the municipality.

21. Failure to comply with provisions

(1) When the chief fire officer finds that there is non-compliance with the provisions of this by-law, excluding the situation in section 16(2), a written notice must be issued and include the following—

- (a) confirmation of the findings;
- (b) provisions of this by-law that are being contravened;
- (c) the remedial action required; and
- (d) a time for compliance.

(2) An order or notice issued under this by-law must be served either by personal delivery or registered mail upon a person who is in the opinion of the chief fire officer, deemed to be the appropriate person.

(3) For unattended or abandoned premises, a copy of such order or notice must be posted on the premises in a conspicuous place at or near the entrance to such premises and the order or notice must be mailed by registered mail, to the last known address of the owner, the person in charge of the premises or both.

die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel beteken en sodanige kennisgewing moet die vereistes bevat wat nodig is om die toestand te bedwing, welke kennisgewing 'n sperdatum vir nakoming moet bepaal.

(3) Wanneer enige toestand wat die brandrisiko mag vermeerder of wat 'n bedreiging vir 'n lewe of eiendom inhou op enige perseel bestaan en sodanige toestand nie onmiddellik reggestel kan word nie, of indien koste aangegaan moet word om sodanige toestand reg te stel, moet die eienaar van die perseel, na ontvangs van enige skriftelike opdrag gemeld in subartikel (2), die brandweerhoof onverwyld skriftelik inlig van die maatreëls wat hy of sy beoog om te neem om die toestand te remedieër en aan die brandweerhoof 'n program en sperdatum voorsien vir goedkeuring.

(4) Die brandweerhoof mag die voorgestelde program en sperdatum met of sonder wysigings goedkeur en mag verdere opdragte gee vir nakoming saam met die voorgestelde of vereiste maatreëls.

17. Inmenging met die Diens

Geen persoon mag met die brandweerhoof, munisipale bestuurder of enige lid in die uitvoering van sy pligte soos beoog in hierdie verordening of die Wet inmeng, verhinder, belemmer of hinder nie.

18. Verskaffing van vals inligting

Geen persoon mag 'n kennisgewing aan 'n lid van die Diens gee nie, of enige inligting omtrent die uitbreek van 'n vuur, of enige ander noodsituasie wat die bywoning van die diens vereis, en wat vals of onakkuraat is, voorsien nie.

19. Weiering, opskorting of intrekking van 'n goedkeuring of 'n sertifikaat

Die brandweerhoof mag 'n goedkeuring of 'n sertifikaat wat ingevolge hierdie verordening vereis word weier, opskort of herroep vir—

- (a) versuim om aan die bepalings van hierdie verordening te voldoen; of
- (b) nie-nakoming van die bepalings van die goedkeuring of sertifikaat.

20. Rekords benodig, toegang tot rekords en vrystelling van media verklarings

(1) Die veilige bewaring van alle tersaaklike rekords en dokumente van toepassing op die diens ooreenkomstig die Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika, is die verantwoordelikheid van die munisipale bestuurder.

(2) 'n Versoek vir toegang tot 'n rekord wat gehou word vir doeelindes of met betrekking tot die uitoefening van 'n mag of verrigting van 'n funksie aangaande die diens, moet gemaak word ooreenkomstig die bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting.

(3) Media verklarings aangaande die diens moet soos voorgeskryf ingevolge die kommunikasie-strategie van die munisipaliteit vrystel word.

21. Versuim om aan bepalings te voldoen

(1) Wanneer die brandweerhoof bevind dat daar nie-nakoming van die bepalings van hierdie verordening is, uitgesonderd die situasie in artikel 16(2), moet 'n skriftelike kennisgewing uitgereik word wat die volgende insluit—

- (a) bevestiging van die bevindings;
- (b) bepalings van hierdie verordening wat oortree word;
- (c) die regstellende stappe wat vereis word; en
- (d) 'n datum vir nakoming.

(2) 'n Lasgewing of kennisgewing wat ingevolge hierdie verordening uitgereik word, moet beteken word deur persoonlike aflewering of per geregistreerde pos.

(3) Vir onbewaakte of verlate persele, moet 'n afskrif van sodanige lasgewing of kennisgewing op 'n opvallende plek by of naby die ingang tot sodanige perseel opgeplak word en moet die lasgewing of kennisgewing per geregistreerde pos ge-pos word na die laaste bekende adres van die eienaar, die persoon in beheer van die perseel, of albei.

22. Payment for services

(1) The municipality may charge the fees payable in terms of its Tariff Policy by a person on whose behalf the municipality rendered any service as contemplated in this by-law.

(2) The municipality may charge a prescribed fee for the provision of an inspection, re-inspection or any other service, including the approval or issuing of permits or certificates as contemplated in this by-law.

(3) Any cost incurred by the municipality for any action necessary to prevent a fire hazard, accident or other threatening danger shall be considered a fee payable by a person for services rendered as contemplated in subsection (1).

(4) Any costs incurred by the municipality in connection with the examination or analysis of any sample taken from any premises for the purposes of this by-law, and a report on such analysis by an institution accredited by the chief fire officer for that purpose may be recovered from the owner or person in charge of the premises if such owner or person in charge is not in compliance with this by-law regarding the substance concerned.

(5) Notwithstanding the provisions of subsection (1), the chief fire officer may assess the aggregate of charges as contemplated in subsection (1) or any portion thereof, provided that such portion shall not be less than ninety percent of the aggregate of the charges that would have been payable; provided further that in assessing such charges or portion thereof, due regard, in addition to other factors, be given to—

- (a) the fact that the amount so assessed shall be commensurate with the services rendered;
- (b) the manner, place and origin of fire or other emergency situation; and
- (c) the loss that might have been caused by the fire or other emergency situation to the person liable to pay the charges, if the services had not been rendered.

(6) Where charges are assessed in terms of paragraph (a) and the person liable to pay such charges is aggrieved by or is with such assessment, he may lodge a written appeal in terms of section 132 of this by-law.

23. Joint Fire Services Committee

(1) A Joint Fire Services Committee representing the fire services in the area of jurisdiction of the West Coast District Municipality and all Category B Municipalities in the area of jurisdiction of such municipality may be established.

(2) The Joint Fire Services Committee as contemplated in subsection (1) must collaborate and liaise for the purposes of making recommendations with regard to—

- (a) the planning and co-ordination of the services within the district;
- (b) the co-ordination and standardisation of infrastructure, vehicles, equipment and procedures pertaining to the service;
- (c) the training of members; and
- (d) any other operational matters relating to the Service.

(3) The chief fire officer of each municipality within the district may be a member of the Joint Fire Services Committee.

(4) The Joint Fire Services Committee may determine its rules of meeting procedures, provided that such procedures are not inconsistent with generally accepted municipal administrative practices, this by-law or any other legislation.

(4) 'n Eienaar of die persoon in beheer van persele wie se regte geaffekteer word deur enige besluit van die brandweerhoof soos beoog in subartikel (1), mag teen sodanige besluit appèlleer ingevolge artikel 62 van die Munisipale Stelselwet.

22. Betaling vir dienste

(1) Die munisipaliteit mag gelde bepaal wat betaalbaar is deur 'n persoon namens wie die munisipaliteit enige diens gelewer het soos beoog in hierdie verordening.

(2) Die Munisipaliteit mag 'n voorgeskrewe tarief hef vir die verskaffing van 'n inspeksie, herinspeksie of enige ander diens, ingesluit die goedkeuring of uitreiking van permitte soos beoog in hierdie verordening.

(3) Enige koste aangegaan deur die munisipaliteit vir enige aksie nodig om 'n brandgevaar, ongeluk of ander dreigende gevaar te voorkom sal geag word 'n geld betaalbaar te wees deur 'n persoon vir die dienste gelewer soos beoog in subartikel (1).

(4) Enige koste aangegaan deur die munisipaliteit met betrekking tot die ondersoek of analise van 'n monster geneem van 'n perseel vir doeleindes van hierdie verordening, en 'n verslag oor sodanige analise deur 'n instelling geakkrediteer deur die brandweerhoof vir daardie perseel, mag van die eienaar of persoon in beheer van die perseel verhaal word indien sodanige eienaar of persoon in beheer nie aan hierdie verordening voldoen nie.

(5) Ongeag die bepalings van subartikel (1) mag die brandweerhoof die saamgestelde gelde beoog in subartikel (1) of enige gedeelte daarvan bepaal; met dien verstande dat sodanige gedeelte nie minder is as negentig persent van die saamgestelde gelde wat betaalbaar sou gewees het nie; met dien verstande verder dat in die bepaling van sodanige gelde of gedeelte daarvan, ag geslaan word op—

- (a) die feit dat die bedrag so bepaal vergelykbaar sal wees met die dienste gelewer;
- (b) die wyse, plek en oorsprong van vuur of ander noodsituasie;
- (c) die verlies wat deur die vuur of ander noodsituasie aan die persoon verantwoordelik vir betaling van die gelde veroorsaak sou gewees het indien die dienste nie gelewer was nie.

(6) Waar gelde bepaal is ingevolge subartikel (5)(a) en die persoon verantwoordelik vir betaling van sodanige gelde veronreg voel, mag hy 'n skriftelike appèl indien ingevolge artikel 132 van hierdie verordening.

23. Gesamentlike Brandweerdienste Komitee

(1) 'n Gesamentlike Brandweerdienste Komitee wat die brandweerdienste in die jurisdiksie gebied van die Weskus Distriksmunisipaliteit en alle Kategorie B Munisipaliteite in die jurisdiksie gebied van sodanige munisipaliteit verteenwoordig, mag ingestel word.

(2) Die Gesamentlike Brandweerdienste Komitee beoog in subartikel (1) moet beraadslaag en skakel vir doeleindes om aanbevelings te maak met betrekking tot—

- (a) die beplanning en koördinerings van die dienste in die distrik;
- (b) die koördinerings en standaardisering van infrastruktuur, voertuie, toerusting en prosedures aangaande die diens;
- (c) die opleiding van lede; en
- (d) enige ander operasionele aangeleenthede aangaande die diens.

(3) Die brandweerhoof van elke munisipaliteit in die distrik mag 'n lid wees van die Gesamentlike Brandweerdienste Komitee.

(4) Die Gesamentlike Brandweerdienste Komitee mag sy vergaderingsprosedure reëls bepaal; met dien verstande dat sodanige prosedures nie teenstrydig is met algemeen aanvaarde munisipale administratiewe praktyke, hierdie verordening of enige ander wetgewing nie.

CHAPTER 4: FIRE PROTECTION*Part A: Fire protection for buildings and premises***24. General provisions**

The chief fire officer must in terms of sections 16(3) and 21(1) of this by-law abate a contravention of the National Building Regulations relating to fire and safety of buildings and premises.

25. Design and construction of buildings

(1) Subject to the provisions of subsection (3), every owner of a building, excluding a dwelling house, must ensure that it is designed and constructed in a manner that—

- (a) provides for—
 - (i) the effective drainage of any water that may result from fire extinguishing activities; and
 - (ii) the discharge of such water directly into a storm water drain;
- (b) prevents any water that may result from fire-extinguishing activities from draining—
 - (i) down any stairway or lift shaft;
 - (ii) down any electrical shaft or telecommunications service shaft;
 - (iii) down any shaft that is connected to a basement level; or
 - (iv) along any approach to a building or any vehicle access ramp leading to or from a building;
- (c) if any water resulting from fire-extinguishing activities should spill into a basement, such water is discharged directly into a storm water drain; and
- (d) complies with the requirements of SANS 10400 (Parts A, J, K, M, N, O, S, T, V and W) insofar as it relates to fire protection.

(2) Subject to the provisions of subsection (3), every owner of a building equipped with a transformer room must ensure that—

- (a) the transformer room is situated on the ground level;
- (b) access to the transformer room is from outside the building; and
- (c) there is adequate and ready access to the transformer room for fire-fighting and maintenance activities.

(3) Subsections (1) and (2) do not apply in respect of any building which exists at the commencement of this by-law.

26. Design and construction of dumping sites

Every person who designs or constructs any dumping site, must ensure that it is designed and constructed in accordance with the instructions of—

- (a) the Department of Water Affairs and Forestry; and
- (b) the municipality.

27. Design and construction of other structures and sites

(1) Every person who designs, constructs or erects any of the following structures, must ensure that they comply with a rational design as contemplated by the National Building Regulations—

- (a) any grain silo;
- (b) any atrium;
- (c) any air traffic control tower;
- (d) any tower for telecommunications or other uses;
- (e) any thatched structure which is larger than 20 square metres and situated within 4.5 metres of any boundary line of the property concerned;
- (f) any tent or other temporary structure for holding a public gathering; and
- (g) any open-plan commercial or industrial premises with a covering distance that exceeds 45 metres measured from any point in the premises to any escape or exit door.

HOOFSTUK 4: BRANDBESKERMING*Deel A: Brandbeskerming vir geboue en persele***24. Algemene bepalings**

Die brandweerhoof moet ingevolge artikels 16(3) en 21(1) van hierdie verordening 'n oortreding van die Nasionale Bouregulasies rakende brand en veiligheid van geboue en persele bedwing.

25. Ontwerp en konstruksie van geboue

(1) Onderhewig aan die bepalings van subartikel (3), moet elke eienaar van 'n gebou, uitgesonder 'n woonhuis, verseker dat dit ontwerp en gebou is op 'n wyse wat—

- (a) voorsiening maak vir—
 - (i) die effektiewe dreinerings van enige water wat die gevolg mag wees van aktiwiteite met betrekking tot die blus van vuur; en
 - (ii) die wegdoen van sodanige water direk in 'n stormwaterdrein;
- (b) voorkoming dat enige water wat die gevolg mag wees van aktiwiteite met betrekking tot die blus van vuur dreineer—
 - (i) af in enige trap of hyserskag;
 - (ii) af enige elektriese skag of telekommunikasie diensskag;
 - (iii) af enige skag wat verbind is met 'n kelderverdieping; of
 - (iv) langs enige toegang tot 'n gebou of voertuig toegangsoprit wat na of van 'n gebou lei;
- (c) die wegdoening van sodanige water wat in 'n kelderverdieping gestort sou word as gevolg van aktiwiteite met betrekking tot die blus van vuur, direk in 'n stormwaterdrein; en
- (d) voldoening aan die vereistes van SANS 10400 (Dele A, J, K, M, N, O, S, T, V en W) in sover dit betrekking het op brandbeskerming.

(2) Onderhewig aan die bepalings van subartikel (3), moet elke eienaar van 'n gebou wat toegerus is met 'n transformator kamer verseker dat—

- (a) die transformator kamer op grondvlak geleë is;
- (b) toegang tot die transformator kamer vanaf die buitekant van die gebou is; en
- (c) daar voldoende en geredelike toegang tot die transformator kamer is vir brandweer en onderhoud aktiwiteite.

(3) Subartikels (1) en (2) is nie van toepassing op enige gebou wat bestaan tydens die inwerkingtreding van hierdie verordening nie.

26. Ontwerp en konstruksie van stortingsterreine

(1) Iemand wat enige stortingsterrein ontwerp en bou, moet verseker dat dit ontwerp en gebou word in ooreenstemming met die instruksies van—

- (a) die Departement van Waterwese en Bosbou; en
- (b) die munisipaliteit.

27. Ontwerp en konstruksie van ander strukture en persele

(1) Iemand wat enige van die volgende strukture ontwerp, bou of oprig, moet verseker dat dit voldoen aan 'n rasionele ontwerp soos beoog deur die Nasionale Bouregulasies—

- (a) enige graan silo;
- (b) enige atrium;
- (c) enige lugverkeer beheertoring;
- (d) enige toring vir telekommunikasie en ander gebruike;
- (e) enige dekgras struktuur wat groter as 20 vierkante meter is en geleë binne 4,5 meter van enige grenslyn van die betrokke eiendom;
- (f) enige tent of ander tydelike struktuur vir die hou van 'n publieke byeenkoms; en
- (g) enige oopplan kommersiële of industriële perseel met 'n dekkingsafstand wat 45 meter gemeet van enige punt in die perseel tot enige ontsnap- of uitgang deur, oorskry.

(2) Every person who designs or constructs any aircraft hanger or helicopter pad, must ensure that it—

- (a) complies with a rational design as contemplated by the National Building Regulations;
- (b) provides for the effective drainage of any liquid from the floor of the hanger or helicopter pad or any approach to the aircraft hanger or helicopter pad;
- (c) provides for the effective channelling of any liquid from the floor of the hanger or helicopter pad to a drainage area connected to a separator well;
- (d) prevents the spread of any liquid from the floor of the hanger or helicopter pad; and
- (e) is equipped with effective earthing devices for the discharge of static electricity.

28. Requirements for sprinkler systems

(1) If a sprinkler system is required in any building in accordance with SANS 10400, SANS 10087 (Deel III) of SANS 10089 (Deel I) or if the chief fire officer so requires, the owner or person in charge of the premises must ensure that the building is equipped with a sprinkler system.

(2) Every person who designs, constructs or installs a sprinkler system must ensure that it is designed, constructed and installed—

- (a) in accordance with SANS 0287; and
- (b) in compliance with the requirements of SANS 10400 (Parts A, J, K, M, N, O, S, T, V and W) insofar as it relates to fire protection.

29. Requirements for extractor fan systems

(1) Every person who designs, constructs or installs an extractor fan system, any related ducts or any similar chimney system and every owner or person in charge of the building in which such a system is installed, must ensure that—

- (a) it is designed, constructed and installed in a manner that provides for clearly demarcated, adequate and easy access for inspection, maintenance and repairs; and
- (b) the conduit and outlet of any such system is installed in a manner that does not result in a fire hazard to any person or property.

(2) Every owner or person in charge of a building in which an extractor fan system, any related ducts or any similar chimney system has been installed, must ensure that every filter, damper, screen or conduit forming an integral part of the system is regularly inspected, cleaned and maintained to ensure that fatty residues or any other combustible residues do not accumulate.

30. Requirements for emergency exits

(1) Every owner of a building must ensure that any escape door in that building—

- (a) is fitted with hinges that open in the direction of escape; and
- (b) is equipped with a fail-safe locking device or devices that do not require a key in order to exit.

(2) Every owner of a building must ensure that any door in a feeder route—

- (a) is a double swing-type door;
- (b) is not equipped with any locking mechanism.

(3) Notwithstanding the provisions of subsection (2), if it is necessary that a door in a feeder route be locked for security reasons, the owner or person in charge of the building must provide an alternative means of escape approved by the chief fire officer.

(2) Iemand wat enige vliegtuigloods of helikopterstrook ontwerp of bou, moet verseker dat dit—

- (a) voldoen aan 'n rasonale ontwerp soos beoog deur die Nasionale Bouregulasies;
- (b) voorsiening maak vir die effektiewe dreinerings van enige vloeistof van die vloer van die loods of helikopterstrook of enige toegang tot die vliegtuigloods of helikopterstrook;
- (c) voorsiening maak vir die effektiewe kanalisering van enige vloeistof van die vloer van die loods of helikopterstrook na 'n dreineringsgebied verbind met 'n skeidingsput;
- (d) die verspreiding van enige vloeistof van die vloer van die loods of helikopterstrook voorkom; en
- (e) toegerus is met effektiewe aardapparate vir die wegdoen van statiese elektrisiteit.

28. Vereistes vir sprinkelblusstelsels

(1) Indien 'n sprinkelblusstelsel in enige gebou vereis word ooreenkomstig SANS 10400, SANS 10087 (Deel III) of SANS 10089 (Deel I) of indien die brandweerhoof so vereis, moet die eienaar of persoon in beheer van die perseel verseker dat die gebou toegerus is met 'n sprinkelblusstelsel.

(2) Iemand wat 'n sprinkelblusstelsel ontwerp, bou of installeer moet verseker dat dit ontwerp, gebou of geïnstalleer word—

- (a) in ooreenstemming met SANS 0287; en
- (b) met voldoening aan die vereistes van SANS 10400 (Dele A, J, K, M, N, O, S, T, V en W) insover dit betrekking het op brandbeskerming.

29. Vereistes vir uittrekwaaiersstelsels

(1) Iemand wat 'n uittrekwaaiersstelsel ontwerp, bou of installeer, enige geleidings in verband daarmee of enige soortgelyke skoorsteenstelsel en enige eienaar of persoon in beheer van die gebou waarin sodanige stelsel geïnstalleer word, moet verseker dat—

- (a) dit ontwerp, gebou en geïnstalleer word op 'n wyse wat voorsiening maak vir duidelike afgebakende, voldoende en maklike toegang vir inspeksie, onderhoud en herstelwerk; en
- (b) die geleiding en uitlaat van enige sodanige stelsel geïnstalleer is op 'n wyse wat nie 'n brandgevaar vir enige persoon of eiendom tot gevolg sal hê nie.

(2) Elke eienaar of persoon in beheer van 'n gebou waarin 'n uittrekwaaiersstelsel, enige verbandhoudende geleidings of enige soortgelyke skoorsteenstelsel geïnstalleer is, moet verseker dat enige filter, demper, skerm of geleiding wat 'n integrale deel van die stelsel vorm gereeld geïnspekteer, skoongemaak en onderhou word ten einde te verseker dat vetterige oorblyfsels of enige ander brandbare oorblyfsels nie akkumuleer nie.

30. Vereistes vir nooduitgange

(1) Elke eienaar van 'n gebou moet verseker dat enige ontsnapdeur in die gebou—

- (a) gemonteer is met skarniere wat in die rigting van ontsnapping oopmaak; en
- (b) toegerus is met 'n faalvrye sluitingsapparaat of apparaat wat nie 'n sleutel benodig om uit te gaan nie.

(2) Elke eienaar van 'n gebou moet verseker dat enige deur in 'n toevoerrote—

- (a) 'n dubbel swaai-tipe deur is; en
- (b) nie toegerus is met enige sluitmeganisme nie;

(3) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (2), indien dit nodig is dat 'n deur in 'n toevoerrote gesluit word vir veiligheidsredes, moet die eienaar of persoon in beheer van die gebou 'n alternatiewe ontsnapwyse goedgekeur deur die brandweerhoof, voorsien.

(4) No person may obstruct or allow the obstruction of any escape route from any premises that may prevent or hinder the escape of any person or animal from the premises in an emergency.

(5) Where required by the chief fire officer, an escape route must be clearly indicated with signage, which complies with SANS 1186, indicating the direction of travel in the event of fire or any other emergency.

31. Requirement regarding fire doors and assemblies

(1) Subject to the provisions of SANS 1253, a fire door and assembly must be maintained in such a manner that in the event of a fire it retains its integrity, insulation and stability for the time period required for that particular class of door.

(2) A fire door may be kept open, only when it is equipped with an automatic releasing hold-open device approved by the chief fire officer.

(3) A fire door and assembly may not be rendered less effective through the following actions—

- (a) altering the integrity, insulation or stability of a particular class of door;
- (b) disconnecting the self-closing mechanism;
- (c) wedging, blocking or obstructing the door so that it cannot close;
- (d) painting the fusible link actuating mechanism of a door;
- (e) disconnecting or rendering less effective an electric or electronic release mechanism, or
- (f) any other action that renders a fire door or assembly less effective.

32. Design, identification and access for fire-fighting and rescue purposes

(1) Subject to the requirements of any applicable zoning scheme regulations or the conditions of establishment of any township, every person who plans, designs or constructs a building, excluding a dwelling house, must ensure that the premises on which the building is situated, are planned, designed and constructed so that—

- (a) at least one elevation of the building fronts onto a street;
- (b) if the premises do not front onto a street, an access road is provided with dimensions and carrying capacity approved in writing by the chief fire officer;
- (c) a motorised or electronically operated gate is equipped in such a manner that access to the premises can be gained without the use of a motor or any other electronic device or any other assistance;
- (d) there is a climate-proof and weather-proof parking surface for parking and operating fire brigade machines and equipment in an emergency—
 - (i) of dimensions at least 10 metres wide;
 - (ii) that runs the full length of the side elevation of the building that borders the surface; and
 - (iii) with a carrying capacity of at least 70 metric tons; and
 - (iv) any entrance arch to the premises provides an opening with dimensions at least 4 metres wide x 4.2 metres high, unless there is an alternative and easy access route to the premises of at least the same dimensions.

(2) For purposes of easy identification by any member in an emergency, every owner or person in charge of the premises must ensure that the correct street number of the premises—

- (a) is displayed clearly on the street boundary of the premises in numbers at least 75 millimetres high;
- (b) is visible from the street; and
- (c) is maintained in a legible condition at all times.

(4) Geen persoon mag enige ontsnaproete van enige perseel belemmer of toelaat dat dit belemmer word sodat dit die ontsnapping van enige persoon of dier van die perseel tydens 'n noodgeval voorkom of hinder nie.

(5) Waar vereis deur die brandweerhoof moet 'n ontsnaproete duidelik aangedui word met tekeninge wat aan SANS 1186 voldoen, tonende die rigting van ontsnap in die geval van vuur of ander noodgeval.

31. Vereistes vir branddeure en toebehore

(1) Onderworpe aan SANS 1253, moet 'n branddeur en toebehore op so 'n wyse onderhou word dat dit in die geval van 'n brand sy integriteit, insulasie en stabiliteit vir die tydperk vereis vir die besondere klas van deur, behou.

(2) 'n Branddeur mag oopgehou word slegs wanneer dit toegerus is met 'n outomatiese ontsluiting oop-hou apparaat goedgekeur deur die brandweerhoof.

(3) 'n Branddeur en toebehore mag nie minder effektief gemaak word deur die volgende aksies nie—

- (a) verandering van die integriteit, insulasie of stabiliteit van 'n besondere klas van deur;
- (b) diskonnektering van die selfsluitingsmeganisme;
- (c) vasknelling, blokkering of belemmering van die deur sodat dit nie kan toemaak nie;
- (d) verf van die sekeringskakel werkmeganisme van 'n deur;
- (e) diskonnektering of minder effektief making van 'n elektriese of elektroniese losmeganisme; of
- (f) enige ander aksie wat 'n branddeur of toebehore minder effektief sal maak.

32. Ontwerp, identifisering en toegang vir brandbestryding en reddingsdoeleindes

(1) Onderworpe aan die vereistes van enige toepaslike soneringskema regulasies of die stigtingsvoorwaardes van enige dorpsgebied, moet elke persoon wat 'n gebou, uitgesonder 'n woonhuis, beplan, ontwerp of bou verseker dat die perseel waarop die gebou geleë is beplan, ontwerp en gebou word sodat—

- (a) ten minste een aansig van die gebou aan 'n straat front;
- (b) indien die perseel nie aan 'n straat front nie, 'n toegangspad voorsien word met afmetings en drakapasiteit skriftelik goedgekeur deur die brandweerhoof;
- (c) 'n gemotoriseerde of elektronies beheerde hek toegerus is op so 'n wyse dat toegang na die perseel verkry kan word sonder die gebruik van motoriese of enige ander elektroniese toestel of enige ander hulp;
- (d) daar 'n klimaat-proef en weer-proef parkeeroppervlakte vir parkering en bedryf van brandweermasjiene en toerusting in 'n noodgeval is—
 - (i) met afmetings van ten minste 10 meter wyd;
 - (ii) wat die volle lengte van die syaansig van die gebou wat aan die oppervlak grens, behels;
 - (iii) met 'n drakapasiteit van ten minste 70 metrieke ton; en
 - (iv) enige toegangsgewelf tot die perseel 'n opening voorsien met afmetings van ten minste 4 meter wyd x 4,2 meter hoog, tensy daar 'n alternatiewe en maklike toegangsroete na die perseel is met ten minste dieselfde afmetings.

(2) Vir doeleindes van maklike identifikasie deur enige lid tydens 'n noodgeval, moet elke eienaar of persoon in beheer van die perseel verseker dat die korrekte straatnommer van die perseel—

- (a) duidelik op die straatgrens van die perseel vertoon word in nommers ten minste 75 millimeter hoog;
- (b) sigbaar is van die straat; en
- (c) in 'n leesbare toestand te alle tye onderhou word.

33. Accessibility of fire-fighting equipment and fire installations

- (1) Any fire-fighting equipment or fire protection installations installed on any premises must be accessible to the Service at all times
- (2) Any person, who causes or permits any fire-fighting equipment or fire protection installations to be obstructed or impedes such accessibility or operation, commits an offence.

34. Barricading of vacant buildings

Every owner or person in charge of a building or portion of a building that is vacant must, to the satisfaction of the chief fire officer—

- (a) remove all combustible waste and refuse from the building; and
- (b) block, barricade or otherwise secure all windows, doors and other openings in the building in a manner that will prevent the creation of any fire hazard caused by entering of the building by any unauthorised person.

35. Fire protection for thatch roof structures

- (1) Any thatch roof construction with a span not exceeding 6 metres and which is supported by structural walls must comply with the provisions of SANS 10407.
- (2) A rational design must be provided for any thatch roof construction with a span exceeding 6 metres or where such construction is not supported by structural walls.
- (3) Where a new or replacement thatch structure is to be constructed for any building, the following must be incorporated into the design and construction of such thatch roof—
- (a) the thatch density may not be less than 35 to 50 kg/m² for a thickness of 175mm to 200mm;
- (b) sisal binding twine must be used;
- (c) construction of any thatch roof must be sound and all materials used therein must be of good quality;
- (d) where electrical wiring passes through the roof space of any thatch roof, all wiring must be run in continuous conduit and all junction boxes must be properly sealed;
- (e) where, in the opinion of the chief fire officer, the risk of lightning may pose a hazard, he may direct that certain occupancies, as he may determine, be protected by the installation of lightning conductors in accordance with SABS 03: 1985;
- (f) all wooden components and all exposed surfaces of thatch must be treated with an approved fire retardant and the thatching must be rodent proofed;
- (g) upon completion of any thatch construction, the owner must provide the chief fire officer with written certification of compliance with all of the provisions of this subsection.
- (4) Where, in the opinion of the chief fire officer, any fire in a thatched building will pose an unacceptable risk to any adjacent buildings or property or where its location will result in an increased risk from an external fire, the chief fire officer may prescribe the installation of a sprinkler or drencher system, provided that such system may be manual or automatic in operation.
- (5) Any chimney passing through a thatch roof must be constructed so that—
- (a) only full 220mm bricks are used and laid so that the unexposed faces in contact with thatch do not become hot;
- (b) all joints and spaces are properly filled with mortar;
- (c) no wooden building component or decoration is built into or through any chimney;
- (d) the top of any chimney stack must extend at least 1 metre above the highest point of the roof; and
- (e) a spark arrestor comprising a stainless steel wire mesh measuring 10 x 10 x 1mm across the full width of the flue be fitted not less than 700mm from the top of the stack.

33. Toeganklikheid vir brandbestrydingstoerusting en brandinstallasies

Enige brandbestrydingstoerusting of brandbeskermingsinstallasies geïnstalleer op enige perseel moet te alle tye vir die Diens toeganklik wees.

34. Versperring van leë geboue

Enige eienaar of persoon in beheer van 'n gebou of gedeelte van 'n gebou wat leeg is, moet tot bevrediging van die brandweerhoof—

- (a) alle brandbare afval en vullis uit die gebou verwyder; en
- (b) alle vensters, deure en ander openinge in die gebou blokkeer, versper of andersins beveilig op 'n wyse wat die skepping van enige brandgevaar veroorsaak deur toegang tot die gebou deur enige ongemagtigde persoon, voorkom.

35. Brandbeskerming vir strooidakstrukture

- (1) Enige strooidakstruktuur met 'n omvang wat nie 6 meter oorskry nie en wat ondersteun word deur strukturele mure moet aan die bepalings van SANS 10407: 2004 voldoen.
- (2) 'n Rasionele ontwerp moet voorsien word vir enige strooidakkonstruksie met 'n omvang van meer as 6 meter of waar sodanige konstruksie nie deur strukturele mure ondersteun word nie.
- (3) Waar 'n nuwe of vervangende dekstruktuur vir enige gebou gebou word, moet die volgende in die ontwerp en konstruksie van sodanige strooidak geïnkorporeer word—
- (a) die dekdigtheid moet nie minder as 35 tot 50 kg/m² vir 'n dikte van 175mm tot 200mm wees nie;
- (b) sisal bindingstou moet gebruik word;
- (c) konstruksie van enige dekdak moet stewig wees en alle materiaal wat daarin gebruik word moet van goeie kwaliteit wees;
- (d) waar elektriese bedrading deur die dakspasie van enige dekdak gelei word, moet alle bedrading in 'n aaneenlopende geleiding geplaas wees en alle aansluitingskaste moet behoorlik geseël wees;
- (e) waar die risiko van weerlig 'n gevaar mag inhou, mag opdrag gegee word dat sekere bewonings beskerm word deur die installering van weerligafleiers ooreenkomstig SABS 03 1985;
- (f) alle houtkomponente en alle blootgestelde dekoppervlaktes moet behandel word met 'n goedgekeurde brandvertraging en die dek moet plaagbestand wees; en
- (g) by voltooiing van enige dekkonstruksie moet die eienaar die brandweerhoof van 'n skriftelike sertifikaat van voldoening aan al die bepalings van hierdie subartikel voorsien.
- (4) Waar enige brand in 'n strooidakgebou 'n onaanvaarbare gevaar vir enige aangrensende geboue of eiendom inhou of waar sy ligging 'n verhoogde gevaar van 'n eksterne brand kan veroorsaak, mag die brandweerhoof die installasie van 'n sprinkelblus of stortstelsel voorskryf; met dien verstande dat sodanige stelsel hand- of outomaties bedryf moet kan wees.
- (5) Enige skoorsteen deur 'n strooidak moet so gebou wees dat—
- (a) slegs heel 220mm bakstene gebruik en so gelê word dat die nie-blootgestelde dele wat in kontak met die dek is nie te warm raak nie;
- (b) alle laste en spasies behoorlik gevul is met messelpleister;
- (c) geen houtgebou komponent of dekorasie in of deur 'n skoorsteen gebou is nie;
- (d) die punt van enige skoorsteenpyp ten minste 1 meter bokant die hoogste punt van die dak verbystee; en
- (e) 'n vonkopvanger bestaande uit 'n vlekvrystaal maasdraad met afmetings 10 x 10 x 1mm oor die volle wydte van die skoorsteenkanaal, maar nie minder nie as 700mm van die punt van die skoorsteenpyp nie.

*Part B: Fire fighting equipment***36. Installation and maintenance of fire-fighting equipment**

- (c) Every owner of a building must ensure that—
- all fire-fighting equipment and service installations on the premises are installed in a manner and condition ready for use in an emergency;
 - all portable and mobile fire-extinguishers and all hose reels on the premises are serviced and maintained in accordance with SANS 10105 and SANS 1475; and
 - all fire-fighting equipment and service installations on the premises are—
 - maintained by a competent person;
 - inspected and serviced in accordance with manufacturer specifications; and
 - are inspected by an appropriately registered and competent person at least once every 12 months; and
 - a comprehensive service record of all fire-fighting equipment and service installations on the premises is maintained and furnished to the chief fire officer every 12 months or as otherwise directed.
- (2) Every person who inspects, services or repairs any fire-fighting equipment or service installation must—
- on completing the inspection, service or repairs, as the case may be—
 - certify in writing that the equipment or installation concerned is fully functional; and
 - furnish that certificate to the owner of the premises; or
 - if the equipment or installation cannot readily be repaired to a functional state, notify the chief fire officer of this fact in writing without delay.
- (3) Except for purposes of inspection, service, repair or fire-fighting, no person may remove or interfere with any fire-fighting equipment or service installation at any premises.
- (4) No person may alter, damage, misuse or render ineffective any fire-fighting equipment or service installation at any premises.

37. Fire alarms and fire hydrants

- (1) Without compensation to the owner of the premises concerned, the chief fire officer may cause—
- a fire alarm;
 - a transmission instrument for calls of fire or other emergency, or
 - a transmission instrument for warning residents of a fire or other emergency,
- to be affixed to any building, wall, fence, pole or tree.
- (2) Without compensation to the owner of the premises concerned, the chief fire officer may cause the position of a fire hydrant and fire alarm or any other fire protection information to be marked on any building, wall, fence, pole, tree, road, pavement or hydrant cover with a board, metal plate or painted marker or by any other means, as prescribed.
- (3) The chief fire officer may at any time cause a fire alarm, other transmission instrument mentioned in subsection (1), board, metal plate or painted marker to be removed from the premises concerned.
- (4) No person may remove, deface, alter, tamper with or damage a fire alarm, board, metal plate or painted marker or any transmission instruments mentioned in subsection (1).

*Deel B: Brandbestrydingstoerusting***36. Installering en onderhoud van brandbestrydingstoerusting**

- (1) Elke eienaar van 'n gebou moet verseker dat—
- alle brandbestrydingstoerusting en diensinstallasies op die perseel geïnstalleer is op 'n wyse en toestand gereed vir gebruik tydens 'n noodsituasie.
 - alle draagbare en mobiele brandblussers en alle waterslangtolle op die perseel gediens en onderhou word ooreenkomstig SANS 10105 en SANS 1475.
 - alle brandbestrydingstoerusting en diensinstallasies op die perseel—
 - in 'n goeie werkende toestand deur 'n bevoegde persoon onderhou word;
 - geïnspekteer en gediens word ooreenkomstig vervaardigerspesifikasies; en
 - ten minste elke 12 maande deur 'n toepaslik geregistreerde en bevoegde persoon geïnspekteer word;
 - 'n volledige diensrekord van alle brandbestrydingstoerusting en diensinstallasies elke 12 maande of soos andersins bepaal, aan die brandweerhoof voorsien word.
- (2) Elke persoon wat brandbestrydingstoerusting of diensinstallasies inspekteer, diens of herstel moet—
- by voltooiing van die inspeksie, diens of herstelwerk—
 - skriftelik sertifiseer dat die betrokke toerusting of installasie ten volle funksioneel is; en
 - sodanige sertifikaat aan die eienaar van die perseel voorsien; of
 - indien die toerusting of installasie nie geredelik tot 'n funksionele toestand herstel kan word nie, die brandweerhoof onmiddellik skriftelik van sodanige feit in kennis stel.
- (3) Behalwe vir doeleindes van inspeksie, diens, herstel of brandbestryding mag geen persoon enige brandbestrydingstoerusting of diensinstallasie op enige perseel verwyder of daarmee inmeng nie.
- (4) Geen persoon mag enige brandbestrydingstoerusting of diensinstallasie op enige perseel verander, beskadig, misbruik of oneffektief maak nie.

37. Brandalarms en brandkranes

- (1) Sonder vergoeding aan die eienaar van die perseel betrokke mag die brandweerhoof toesien dat—
- 'n brandalarm;
 - 'n transmissie instrument vir brand oproepe of ander noodgeval; of
 - 'n transmissie instrument vir waarskuwing aan inwoners van 'n brand of ander noodgeval,
- bevestig word aan enige gebou, heining, paal of boom.
- (2) Sonder vergoeding aan die eienaar van die perseel betrokke mag die brandweerhoof toesien dat die posisie van 'n brandkraan en brandalarm of enige ander brandbeskerm inligting gemerk word op enige gebou, muur, heining, paal, boom, pad, sygaardjie of kraandeksel met 'n bord, metaalplaat of geverfde merker of op enige ander wyse, soos voorgeskryf.
- (3) Die brandweerhoof mag te enige tyd bewerkstellig dat 'n brandalarm, ander transmissie instrument gemeld in subartikel (1), bord, metaalplaat of geverfde merker verwyder word deur die eienaar van die perseel.
- (4) Niemand mag 'n brandkraan, ander transmissie instrument gemeld in subartikel (1), bord, metaalplaat of geverfde merker verwyder, skend, verander, daarmee peuter of beskadig nie.

*Part C: Emergency evacuation plans***38. Chief Fire Officer may designate premises for emergency evacuation plans**

- (1) The chief fire officer may by written notice designate any premises as premises requiring an emergency evacuation plan.
- (2) The notice contemplated in subsection (1), must be served on the premises concerned and addressed to the owner or person in charge of the premises.

39. Duties of owner or occupier of designated premises

- (1) The owner, or with the approval of the chief fire officer, the occupier, of any premises designated in terms of section 38 must—
- prepare a comprehensive emergency evacuation plan for the premises in accordance with the guideline contained in Schedule 1 and submit it to the chief fire officer in triplicate within 30 days of service of the designation notice;
 - establish a fire protection committee comprised of occupiers of the premises to assist the owner or person in charge of the premises to organise a fire protection programme and regular and scheduled fire evacuation drills;
 - ensure that the emergency evacuation plan is reviewed—
 - at least every 12 months;
 - whenever the floor layout of the premises is changed; and
 - whenever the chief fire officer requires revision of the plan;
 - ensure that an up-to-date emergency evacuation plan, any fire protection programmes, evacuation drills and any related documents are kept, maintained and at all times available in a control room on the premises for inspection by any member;
 - display the emergency evacuation plan at conspicuous positions inside the premises; and
 - identify a place of safety off the designated premises, but in the immediate vicinity of the premises, where persons who reside or work on the premises may gather during an emergency for the purpose of compiling a list of survivors.
- (2) The chief fire officer may in respect of premises designated in terms of section 38—
- require the review of any emergency evacuation plan by the owner or person in charge of the premises and may provide directions in this regard;
 - instruct the owner or person in charge of the premises to implement a fire protection program which he believes is necessary to ensure the safety of persons and property on the premises; and
 - require the owner or person in charge of the premises to provide him with a certified copy of the emergency evacuation plan and any associated documents at a specified time and place.

*Part D: Public gatherings***40. Prohibition of public gatherings in certain circumstances**

- (1) No person may hold a public gathering or allow a public gathering to be held in any building or temporary structure unless a certificate of fitness has been issued by the chief fire officer in respect of that building or temporary structure.
- (2) Subsection (1) does not apply in respect of a building or temporary structure which existed at the commencement of this by-law, unless after that date—
- the building or temporary structure is rebuilt, altered, extended or its floor layout is changed; or
 - ownership or control of the building or structure changes.

*Deel C: Noodontruimingsplanne***38. Brandweerhoof mag persele aanwys vir noodontruimingsplanne**

- (1) Die brandweerhoof mag deur skriftelike kennisgewing enige perseel aanwys as perseel wat 'n noodontruimingsplan vereis.
- (2) Die kennisgewing beoog in subartikel (1) moet beteken word op die perseel betrokke en gerig wees aan die eienaar of persoon in beheer van die perseel.

39. Pligte van eienaar of okkupeerder van aangewysde persele

- (1) Die eienaar, of met die goedkeuring van die brandweerhoof, die okkupeerder, van enige perseel aangewys ingevolge artikel 38 moet—
- 'n volledige noodontruimingsplan vir die perseel voorberei ooreenkomstig die riglyn vervat in Bylae 1 en dit aan die brandweerhoof voorlê binne 30 dae van betekening van die aanwysingskennisgewing;
 - 'n brandbeskermingskomitee instel bestaande uit bewoners van die perseel om die eienaar of persoon in beheer van die perseel by te staan om 'n brandbeskermingsprogram en gereelde en geskeduleerde brandontruimingsoefeninge te organiseer;
 - verseker dat die noodontruimingsplan hersien word—
 - ten minste elke 12maande;
 - wanneer die vloeruitleg van die perseel verander; en
 - wanneer die brandweerhoof hersiening van die plan vereis.
 - verseker dat 'n opgedateerde noodontruimingsplan, enige brandbeskermingsprogram, brandontruimingsoefeninge en verbandhoudende dokumente gehou, onderhou en te alle tye in 'n beheerkamer op die perseel beskikbaar is vir inspeksie deur enige lid;
 - die noodontruimingsplan op 'n opsigtelike plek binne die perseel vertoon word; en
 - 'n plek van veiligheid buite die aangewese perseel, maar in die onmiddellike omgewing van die perseel, identifiseer waar persone wat op die perseel werk of woon kan byeenkom gedurende 'n noodsituasie vir doeleindes van samestelling van 'n lys van oorlewendes.
- (2) Die brandweerhoof mag ten opsigte van 'n perseel aangewys ingevolge artikel 38—
- die hersiening van die noodontruimingsplan deur die eienaar of persoon in beheer van die perseel vereis en mag opdragte in hierdie verband gee;
 - die eienaar of persoon in beheer van die perseel opdrag gee om 'n brandbeskermingsprogram te implementeer wat nodig is om die veiligheid van persone en eiendom te verseker; en
 - van die eienaar of persoon in beheer van die perseel vereis om die brandweerhoof op 'n gespesifiseerde tyd en plek te voorsien van 'n gesertifiseerde afskrif van die noodontruimingsplan en enige verbandhoudende dokumente.

*Deel D: Publieke byeenkomste***40. Verbod op publieke byeenkomste in sekere omstandighede**

- (1) Geen persoon mag 'n publieke byeenkoms hou of toelaat dat dit in enige gebou of tydelike struktuur gehou word tensy 'n sertifikaat van geskiktheid deur die brandweerhoof ten opsigte van die gebou of tydelike struktuur uitgereik is nie.
- (2) Subartikel (1) is nie van toepassing ten opsigte van 'n gebou of tydelike struktuur wat ten tye van die inwerkingtreding van hierdie verordening bestaan het nie, tensy na sodanige datum—
- die gebou of tydelike struktuur herbou, verander, verleng of sy vloeruitleg verander is; of
 - eienaarskap of beheer van die gebou of struktuur verander.

41 Application for certificate of fitness

(1) Every owner of a building or temporary structure intended for the holding of a public gathering must complete and submit to the chief fire officer an application form for a certificate of fitness in the form and manner as contemplated in section 43.

(2) An application contemplated in subsection (1) must be submitted at least 30 days before any intended public gathering.

42. Requirements for certificate of fitness

(1) The chief fire officer may not issue a certificate of fitness in respect of a building or temporary structure—

- (a) unless the municipality is in possession of an up-to-date set of building plans for the premises; or
- (b) unless the building or temporary structure complies with the requirements of this by-law;

(2) The period of validity of a certificate issued in terms of subsection (1) may not exceed 12 months.

43 Form and content of certificate of fitness

(1) A certificate of fitness must be in the form as prescribed and must at least record the following information, where applicable—

- (a) the trade name and street address of each occupier of the building or temporary structure;
- (b) a description of the type of activity carried on by each occupier of the building or structure;
- (c) the full names and addresses of the persons who serve on the governing or similar body of each occupier;
- (d) the maximum permissible number of people who may be admitted to the useable floor area of the building or structure;
- (e) the number of emergency exits and their dimensions; and
- (f) the dates of issue and expiry of the certificate and its serial number.

(2) Notwithstanding subsection (1), the chief fire officer may request additional information from the applicant.

44 Duties of holder of certificate of fitness

The holder of a certificate of fitness must—

- (a) comply with the provisions of the certificate of fitness;
- (b) at all times—
 - (i) display the certificate prominently on the premises; and
 - (ii) maintain the certificate in a legible condition;
- (c) immediately notify the chief fire officer in writing of any change to the trade name, activity or governing or similar body of any occupier of the building or structure;
- (d) submit any application for renewal of the certificate of fitness at least 30 days before its expiry in the form and manner prescribed.

45. Cancellation of certificate of fitness

(1) The chief fire officer may cancel any certificate of fitness in respect of premises or temporary structure if he has reason to believe that—

- (a) the owner or person in charge of the premises concerned contravenes or fails to comply with any provision of this by-law; or
- (b) the building or structure contravenes or does not comply with the requirements of this by-law.

(2) Subject to subsection (3), before the chief fire officer cancels a certificate of fitness as contemplated in subsection (1), he must—

41. Aansoek vir sertifikaat van geskiktheid

(1) Elke eienaar van 'n gebou of tydelike struktuur wat beoog word vir die hou van 'n publieke byeenkoms moet 'n aansoekvorm vir 'n sertifikaat van geskiktheid voltooi en aan die brandweerhoof voorlê in die formaat en wyse soos beoog in artikel 43.

(2) 'n Aansoek beoog in subartikel (1) moet voorgelê word ten minste 30 dae voor enige beoogde publieke byeenkoms.

42. Vereistes vir sertifikaat van geskiktheid

(1) Die brandweerhoof mag nie 'n sertifikaat van geskiktheid ten opsigte van 'n gebou of tydelike struktuur uitreik nie—

- (a) tensy die munisipaliteit in besit is van 'n opgedateerde stel bouplanne vir die perseel; of
- (b) tensy die gebou of tydelike struktuur aan die vereistes van hierdie verordening voldoen;

(2) Die geldigheidsperiode vir 'n sertifikaat uitgereik ingevolge subartikel (1) mag nie 12 maande oorskry nie.

43. Vorm en inhoud van sertifikaat van geskiktheid

(1) 'n Sertifikaat van geskiktheid moet in die voorgeskrewe formaat wees en moet ten minste die volgende inligting, waar toepaslik, bevat—

- (a) die handelsnaam en straat adres van elke okkupeerder van die gebou of tydelike struktuur;
- (b) 'n beskrywing van die soort aktiwiteit wat deur elke okkupeerder van die gebou of tydelike struktuur beoefen word;
- (c) die volle name en adresse van die persone wat in die beheer- of soortgelyke liggaam van elke okkupeerder dien;
- (d) die maksimum toelaatbare getal persone wat toegang verleen mag word tot die bruikbare vloeroppervlak van die gebou of tydelike struktuur;
- (e) die aantal nooduitgange en die afmetings daarvan; en
- (f) die datums van uitreiking en verval van die sertifikaat en sy reeksnommer.

(2) Nieteenstaande subartikel (1) mag die brandweerhoof addisionele inligting van die aansoeker versoek.

44. Pligte van houer van sertifikaat van geskiktheid

Die houer van 'n sertifikaat van geskiktheid moet—

- (a) voldoen aan die bepalings van die sertifikaat van geskiktheid;
- (b) te alle tye—
 - (i) die sertifikaat prominent op die perseel vertoon; en
 - (ii) die sertifikaat in 'n leesbare toestand onderhou;
- (c) die brandweerhoof onmiddellik skriftelik in kennis stel van enige verandering in die handelsnaam, aktiwiteit of beheer- of soortgelyke liggaam van enige okkupeerder van die gebou of struktuur;
- (d) enige aansoek vir hernuwing van die sertifikaat van geskiktheid ten minste 30 dae voor sy verval voorlê in die voorgeskrewe formaat en wyse.

45. Kansellerings van sertifikaat van geskiktheid

(1) Die brandweerhoof mag enige sertifikaat van geskiktheid ten opsigte van persele of tydelike strukture kanselleer indien hy rede het om te glo dat—

- (a) die eienaar of persoon in beheer van die perseel betrokke enige bepaling van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
- (b) die gebou of struktuur die vereistes van hierdie verordening oortree of nie daaraan voldoen nie.

(2) Onderhewig aan subartikel (3), moet die brandweerhoof voordat hy 'n sertifikaat van geskiktheid kanselleer—

- (a) give the owner or person in charge of the premises written notice of the intention to cancel the certificate of fitness and the reasons for such cancellation; and
 - (b) give the owner or person in charge of the premises reasonable time to make written representations regarding the matter.
- (3) If the chief fire officer has reason to believe that the failure to cancel a certificate of fitness may endanger any person or property, he may cancel a certificate of fitness without prior notice to the owner or person in charge of the premises as contemplated in subsection (2).
- (4) If the chief fire officer cancels a certificate of fitness in terms of subsection (3), he must—
- (a) furnish the owner or person in charge of the premises or temporary structure concerned with written notice of the cancellation; and
 - (b) give the owner or person in charge of the premises a period of at least 21 days to make written representations regarding the matter.

Part E: Water supply for fire fighting purposes

46. Township development water supply requirements

- (1) Every person who develops or redevelops a township must design and develop that township with a sufficient water supply, minimum fire flow and hydrant requirements as contemplated in section 11 of SANS 10090 and must furnish written proof of such compliance to the chief fire officer.
- (2) Every person who develops or redevelops a township must ensure that—
- (a) the storage capacity and rate of replenishment of the reservoirs supplying water to the township are sufficient for the fire-fighting purposes contemplated in this by-law;
 - (b) the water supply from these reservoirs is reticulated in a manner that ensures that the water supply to any area in the township can be provided from at least two directions; and
 - (c) double supply mains are installed from the water supply source to the distribution reservoirs and double pumps are installed for the delivery of the water supply.
- (3) Subsection (2)(c) is deemed to be satisfied, if—
- (a) the water is supplied to the township from more than one reservoir;
 - (b) each reservoir receives water from a separate supply main and pump; and
 - (c) the reservoirs are connected to each other.
- (4) Every person who develops or redevelops a township must ensure that—
- (a) the water distribution system is designed and equipped with control valves positioned so that it is not necessary to close off any branch or any portion of the distribution system for more than 150 metres in any high risk area or for more than 300 metres in any moderate or low risk area in the event that the system, excluding any of the branches, is damaged or requires repair; and
 - (b) if the redevelopment of any township alters the fire risk category of any area in the township as contemplated in section 49, the water reticulation system is adapted without delay so as to comply with the requirements of sections 47 and 48.
- (5) The chief fire officer must inspect fire hydrants and conduct flow and pressure tests as contemplated in SANS 10090.

- (a) aan die eienaar of persoon in beheer van die perseel skriftelike kennis gee van die voorneme om die sertifikaat van geskiktheid te kanselleer asook die redes vir sodanige kansellasië;
 - (b) aan die eienaar of persoon in beheer van die perseel ten minste 'n periode van 21 dae tyd gee om skriftelike vertoë te rig.
- (3) Indien die brandweerhoof rede het om te glo dat versuim om 'n sertifikaat van geskiktheid te kanselleer enige persoon of eiendom in gevaar mag stel, mag hy 'n sertifikaat van geskiktheid sonder vooraf skriftelike kennis aan die eienaar of persoon in beheer van die perseel soos beoog in subartikel (2), kanselleer.
- (4) Indien die brandweerhoof 'n sertifikaat van geskiktheid ingevolge subartikel (3) kanselleer, moet hy of sy—
- (a) die eienaar of persoon in beheer van die perseel of tydelike struktuur betrokke van skriftelike kennis van die kansellasië voorsien;
 - (b) aan die eienaar of persoon in beheer van die perseel ten minste 'n periode van 21 dae tyd gee om skriftelike vertoë te rig.

Deel E: Watervoorsiening vir brandbestrydingsdoeleindes

46. Dorpsontwikkeling watervoorsieningsvereistes

- (1) Iemand wat 'n dorpsgebied ontwikkel of herontwikkel moet dit ontwerp en ontwikkel met voldoende voorsiening van water, minimum brandvloei en brandkraan vereistes soos beoog in artikel 11 van SANS 10090 en moet skriftelike bewys van sodanige nakoming aan die brandweerhoof voorsien.
- (2) Iemand wat 'n dorpsgebied ontwikkel of herontwikkel moet verseker dat—
- (a) die bergingskapasiteit en tempo van aanvulling van die reservoirs wat water aan die dorpsgebied voorsien voldoende is vir die brandbestrydingsdoeleindes beoog in hierdie verordening;
 - (b) die watervoorsiening vanaf hierdie reservoirs op 'n wyse geretikuleer word wat verseker dat die watervoorsiening aan enige gebied in die dorpsgebied van ten minste twee rigtings voorsien kan word; en
 - (c) dubbel hoofvoorsieningsgeleidings geïnstalleer is vanaf die watervoorsieningsbron na die distribusie reservoirs en dubbel pompe geïnstalleer is vir die lewering van die watervoorsiening.
- (3) Subartikel (2)(c) word geag voldoen te wees indien—
- (a) die water aan die dorpsgebied voorsien word vanaf meer as een reservoir;
 - (b) elke reservoir water ontvang vanaf 'n aparte hoofvoorsieningsgeleiding en pomp; en
 - (c) die reservoirs met mekaar verbind is.
- (4) Iemand wat 'n dorpsgebied ontwikkel of herontwikkel moet verseker dat—
- (a) die water distribusiestelsel ontwerp en toegerus is met kontrolekleppe wat so geplaas is dat dit onnodig is om enige tak of enige deel van die distribusiestelsel af te sluit vir meer as 150 meter in enige hoë risiko gebied of vir meer as 300 meter in enige matige of lae risiko gebied in geval die stelsel, beskadig is; en
 - (b) indien die herontwikkeling van enige dorpsgebied die brand risiko kategorie van enige gebied in die dorpsgebied verander soos beoog in artikel 49, die water distribusiestelsel aangepas kan word om te voldoen aan die vereistes van artikels 47 en 48.
- (5) Die brandweerhoof moet brandkrane inspekteer en vloei en druktoetse uitvoer soos beoog in SANS 10090.

47. Township development fire-extinguishing stream requirements

Every person who develops or redevelops a township must ensure that the water supply provides a fire-extinguishing stream that is immediately available to the municipality in an emergency, of the following volume and duration—

Fire risk category	Minimum volume of extinguishing stream (litres per minute)	Minimum duration of extinguishing stream (hours)
High risk	11 500	6
Moderate risk	5 750	4
Low risk	2 300	2

48. Township development fire hydrant requirements

(1) Every person who develops or redevelops a township must ensure that fire hydrants are plotted on a plan and installed in accordance with the following minimum delivery volumes and distance frequencies:

Fire risk category	Minimum fire hydrant delivery volume measured at peak consumption (litres per minute)	Minimum distance between fire hydrants (metres)
High risk	1980	120
Moderate risk	1 150	180
Low risk	900	240

(2) Every person who develops or redevelops a township must ensure that the position of fire hydrants is plotted accurately on a plan that is furnished to the chief fire officer for operational fire-fighting purposes.

49. Fire risk categories

(1) For purposes of sections 47 and 48, the following areas of a township must be regarded—

(a) as high risk—

- (i) any factory area, high density shopping area, warehouse or commercial building;
- (ii) any plantation, timber yard or wooden building;
- (iii) any building higher than 3 storeys;
- (iv) any building in which hazardous substances are used, handled or stored or in which hazardous processes are conducted; and
- (v) any other area that has a high fire risk or high fire spread risk;

(b) as moderate risk—

- (i) any area in which—
 - (aa) factories, commercial buildings or residential buildings are generally detached from each other and do not exceed 3 storeys; and
 - (bb) the chief fire officer has not declared the materials processed or stored in these buildings as highly dangerous;
- (ii) any area where the fire risk and spread risk of fire is moderate; and
- (iii) any other area that is not a high or low risk area; and

(c) as low risk—

- (i) any area that is mainly residential or semi-rural;
- (ii) any area that has predominantly detached, duet, cluster or town house developments; and
- (iii) any area where the fire risk or risk of spread of fire is slight or insignificant.

47. Dorpsontwikkeling brandblusser stroomvereistes

Iemand wat 'n dorpsgebied ontwikkel of herontwikkel moet verseker dat die watervoorsiening 'n brandbestrydingstroom voorsien wat onmiddellik vir die munisipaliteit beskikbaar is in 'n noodgeval, van die volgende volume en duur—

Brandrisiko kategorie	Minimum volume van blusstroom (liter per minuut)	Minimum duur van blusstroom (ure)
Hoë risiko	11 500	6
Matige risiko	5 750	4
Lae risiko	2 300	2

48. Dorpsontwikkeling brandkraan vereistes

(1) Iemand wat 'n dorpsgebied ontwikkel of herontwikkel moet verseker dat brandkrane op 'n plan aangebring en geïnstalleer word ooreenkomstig die volgende minimum lewering volumes en afstand frekwensies—

Brand risiko kategorie	Minimum brandkraan lewering volume gemeet tydens spitsverbruik (liter per minuut)	Minimum afstand tussen brandkrane (meter)
Hoë risiko	1 980	120
Matige risiko	1 150	180
Lae risiko	900	240

(2) Iemand wat 'n dorpsgebied ontwikkel of herontwikkel moet verseker dat die posisie van brandkrane akkuraat op 'n plan aangebring is en dat dit voorsien word aan die brandweerhoof vir operasionele brandbestrydingsdoeleindes.

49. Brandrisiko kategorieë

(1) Vir doeleindes van artikels 47 en 48, moet die volgende gebiede van 'n dorpsgebied geag word—

(a) as 'n hoë risiko—

- (i) enige fabrieksgebied, hoë digtheid inkopiegebied, pakhuis of kommersiële gebou;
- (ii) enige plantasie, timmerwerf of houtgebou;
- (iii) enige gebou hoër as 3 verdiepings;
- (iv) enige gebou waarin gevaarhoudende stowwe gebruik, hanteer of geberg of waarin gevaarhoudende prosesse uitgevoer word; en
- (v) enige ander gebied wat 'n hoë brand risiko of hoë brand verspreidingsrisiko het;

(b) as matige risiko—

- (i) enige gebied waarin—
 - (aa) fabriek, kommersiële geboue of residensiële geboue in die algemeen losstaande van mekaar is en nie 3 verdiepings oorskry nie; of
 - (bb) die brandweerhoof nie die materiaal wat in sodanige geboue geprosesseer of geberg word as hoogs gevaarlik verklaar het nie;
- (ii) enige gebied waar die brand risiko en brand verspreidingsrisiko matig is;
- (iii) enige ander gebied wat nie 'n hoë of lae risiko gebied is nie; en

(c) as lae risiko—

- (i) enige gebied wat hoofsaaklik residensiële of semi-landelik is;
- (ii) enige gebied wat oorheersend losstaande, groep of meenthuis ontwikkelings het; en
- (iii) enige gebied waar die brand risiko of brand verspreidingsrisiko gering of onbeduidend is.

50. Connections to water reticulation system

- (1) No person may obtain a water connection to the water reticulation system of the municipality unless the fire protection plans for the premises to be connected have been approved by the chief fire officer.
- (2) Every person or owner of premises who requires a water connection to the water reticulation system of the municipality must—
 - (a) if the premises to be connected are protected by a sprinkler installation, ensure that—
 - (i) the connection is calculated and designed for each sprinkler installation in accordance with a rational design as contemplated in the National Building Regulations, and
 - (ii) the size, delivery pressure and flow of the water connection is calculated in advance by the responsible engineer;
 - (b) if the chief fire officer requires a larger water connection for purposes of fire-fighting, provide the larger water connection;
 - (c) ensure that the size, work pressure and delivery flow, except in the case of a water connection to a sprinkler installation, is calculated and designed in accordance with SANS 10400 (Part W); and
 - (d) ensure that the water installation upon completion complies with the provisions of SANS-10400:1994.

Part F: Prevention of fire hazards

51. Applicable legislation

The municipality, taking cognisance of the provisions of the Environment Conservation Act, 1989, (Act No. 73 of 1989), the National Veld and Forest Fires Act, 1998, (Act No. 101 of 1998), and the regulations made under these acts, adopts the provisions thereof in this part.

52. Certain fires prohibited

- (1) No person may make or allow any other person to make a fire that may endanger any person, animal or property.
- (2) No person may burn or allow any other person to burn any refuse or combustible material—
 - (a) without the prior written permission of the chief fire officer; or
 - (b) unless the refuse or combustible material is burnt in an approved incinerating device.
- (3) Any person, who makes a fire or allows any other person to make a fire, must take reasonable steps to ensure that the fire does not endanger any person, animal or property.
- (4) The prohibition in subsection (2) does not apply to any fire made—
 - (a) in an approved and purpose-made stove, fireplace or hearth that forms an integrated part of a building or structure;
 - (b) for the purpose of preparing food on private premises set aside for that purpose; or
 - (c) in any device for preparing food which—
 - (i) is heated by electricity or liquefied petroleum gas; and
 - (ii) is so positioned that the fire does not endanger any person, animal or property.

53. Storage and accumulation of combustible material prohibited

- (1) No person may store any combustible material or allow it to be stored, at any place or in any manner that may pose a fire hazard to any person, animal or property.
- (2) No person may allow the accumulation of dust at any place in quantities sufficient to pose a fire hazard to any person, animal or property.
- (3) No person may use or allow to be used any sawdust or similar combustible material to soak up any flammable liquid.

50. Aansluitings tot waternetwerkstelsel

- (1) Geen persoon mag 'n aansluiting tot die waternetwerkstelsel van die munisipaliteit verkry nie tensy die brandbeskermingsplanne vir die perseel wat aangesluit moet word, deur die brandweerhoof goedgekeur is.
- (2) Iemand wat 'n aansluiting tot die waternetwerkstelsel van die munisipaliteit verlang moet—
 - (a) indien die perseel wat aangesluit moet word beskerm word deur 'n sprinkelstelsel, verseker dat—
 - (i) die aansluiting bereken en ontwerp is in ooreenstemming met 'n rasionele ontwerp soos beoog in die Nasionale Bouregulasies; en
 - (ii) die grootte, leweringsdruk en vloeï van die wateraansluiting vooraf bereken is deur die verantwoordelike ingenieur;
 - (b) 'n groter wateraansluiting voorsien word indien vereis deur die brandweerhoof vir doeleindes van brandbestryding;
 - (c) verseker dat die grootte, werksdruk en leweringsvloeï, behalwe in die geval van 'n wateraansluiting tot 'n sprinkelstelsel, bereken en ontwerp is ooreenkomstig SANS 10400 (Deel W); en
 - (d) verseker dat die wateraansluiting by voltooiing aan die bepalings van SANS 10400: 1994 voldoen.

Deel F: Voorkoming van brandgevaar

51. Toepaslike wetgewing

Die munisipaliteit, met kennisneming van die bepalings van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No 73 van 1989), die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet No 101 van 1998), en die regulasies gemaak ingevolge hierdie wetgewing, aanvaar die bepalings daarvan in hierdie deel.

52. Sekere vuur verbode

- (1) Geen persoon mag 'n vuur maak of 'n ander persoon toelaat om 'n vuur te maak wat enige persoon, dier of eiendom in gevaar mag stel nie.
- (2) Geen persoon mag, of enige ander persoon toelaat om, enige vullis of brandbare materiaal te verbrand nie—
 - (a) sonder skriftelike toestemming van die brandweerhoof; of
 - (b) tensy die vullis of brandbare materiaal in 'n goedgekeurde verbrandingsapparaat verbrand word.
- (3) Enige persoon wat 'n vuur maak of 'n ander persoon toelaat om 'n vuur te maak, moet redelike stappe neem om te verseker dat die vuur nie enige persoon, dier of eiendom in gevaar stel nie.
- (4) Die verbod in subartikel (2) is nie van toepassing op enige vuur wat gemaak word—
 - (a) in 'n goedgekeurde en doelgemaakte stoof, vuurmaakplek of kaggel wat 'n integrale deel van 'n gebou of struktuur vorm nie;
 - (b) vir die doel om voedsel voor te berei op private persele wat vir daardie doel geormerk is; of
 - (c) in enige apparaat vir voorbereiding van voedsel wat—
 - (i) verhit word deur elektrisiteit of vloeibare petroleumgas; en
 - (ii) so geposisioneer is dat die vuur nie enige persoon, dier of eiendom in gevaar stel nie.

53. Stoor en opberging van ontvlambare materiaal verbode

- (1) Geen persoon mag enige brandbare materiaal opberg of toelaat dat dit opgeberg word, op enige plek of op so 'n wyse dat dit 'n brandgevaar vir enige persoon, dier of eiendom inhou nie.
- (2) Geen persoon mag toelaat dat stof op enige plek in voldoende hoeveelhede ophoop om 'n brandgevaar vir enige persoon, dier of eiendom in te hou nie.
- (3) Geen persoon mag enige saagstof of soortgelyke brandbare materiaal gebruik of toelaat om gebruik te word om enige brandbare vloeistof te absorbeer nie.

(4) No person may allow soot or any other combustible material to accumulate in any chimney, flue or duct in such quantities or in any manner that may pose a fire hazard to any person or property.

(5) No person may allow any vegetation to become overgrown at any place under that person's control that may pose a fire hazard to any person, animal or property.

(6) If a fire hazard contemplated in subsection (5) arises, the owner or person in charge of the premises must without delay eliminate the hazard or cause the hazard to be eliminated by—

- (a) cutting any grass, leaves or weeds associated with the fire hazard to a maximum height of 150 millimetres;
- (b) pruning, chopping down or sawing any shrub or tree; and
- (c) removing any resulting combustible residue from the property.

54. Electrical fittings, equipment and appliances

No person may cause or allow—

- (a) any electrical supply outlet to be overloaded; or
- (b) any electrical appliance or extension lead to be used in any manner that may pose a fire hazard to any person or property.

55. Flame-emitting devices

No person may use or cause or allow the use of any flame-emitting device, including but not limited to any candle, lantern or torch, in any manner that may pose a fire hazard to any person or property.

56. Discard of flammable liquid or substance in sewers or drains

(1) No person may discard into, or cause, permit or allow a flammable liquid or flammable substance to enter any waste or foul water or storm water sewer or drain whether underground or on the surface.

(2) A person who becomes aware of any escape, whether accidental or otherwise, of any quantity of flammable liquid or flammable substance which is likely to constitute a fire hazard, from any premises or vehicle into any sewer or drain or any inlet or drain linking with such sewer or drain, must immediately report such escape to the chief fire officer.

57. Flammable gas

No person may fill any balloon or other device with flammable gas without the written authority of the chief fire officer, and subject to such conditions as he may require.

58. Smoking restrictions and discarding of combustibles

(1) If conditions exist where smoking may create a fire hazard on any premises, smoking must be prohibited and "No Smoking" signs complying with SANS 1186: Part 1, must be prominently displayed in positions as directed by the chief fire officer.

(2) A person may not remove or damage a "No Smoking" sign.

(3) No person may light or smoke a cigarette or any other smoking materials or ignite or otherwise set fire to other material, nor hold or discard any lit or smouldering substance in any place where expressly prohibited.

(4) The owner or person in charge of any premises may not allow or permit any person to light or smoke a cigarette or any other smoking materials or ignite or otherwise set fire to any other material, nor hold or discard any lit or smouldering substance in any place where expressly prohibited.

(5) Where smoking is permitted, adequate provision must be made for the safe disposal of any smoking materials and matches.

(4) Geen persoon mag toelaat dat roet of ander brandbare materiaal in enige skoorsteen, rookgaskanaal of gange in sodanige hoeveelhede ophoop of op enige wyse om 'n brandgevaar vir enige persoon of eiendom in te hou nie.

(5) Geen persoon mag toelaat dat enige plantegroei op enige plek onder daardie persoon se beheer oorgroei sodat dit 'n brandgevaar vir enige persoon, dier of eiendom inhou nie.

(6) Indien 'n brandgevaar soos bedoel in subartikel (5) ontstaan, moet die eienaar of persoon in beheer van die perseel sonder versuim die gevaar uit die weg ruim of bewerkstellig dat die gevaar uit die weg geruim word deur—

- (a) enige gras, blare of onkruid geassosieer met die gevaar tot 'n maksimum hoogte van 150 millimeter sny;
- (b) enige struik of boom snoei, afkap of afsaag; en
- (c) enige oorsakende brandbare oorblyfsels van die eiendom verwyder.

54. Elektriese toebehore, toerusting en toestelle

Geen persoon mag veroorsaak of toelaat—

- (a) dat enige elektriese kragpunt oorlaai word nie; of
- (b) enige elektriese toestel of verlengkoord op enige wyse gebruik word wat 'n brandgevaar vir enige persoon of eiendom inhou nie.

55. Oopvlamtoestelle

Geen persoon mag 'n oopvlamtoestel, ingesluit maar nie daartoe beperk nie, enige kers, lantern of fakkel gebruik of veroorsaak of toelaat dat dit gebruik word op enige wyse wat 'n brandgevaar vir enige persoon of eiendom kan inhou nie.

56. Wegdoen van vlambare vloeistof of stof in riole of dreine

(1) Geen persoon mag 'n vlambare vloeistof of vlambare stof wegdoen in, of veroorsaak, of toelaat dat dit enige afval- of besoedelde water of stormwaterriool of drein, hetsy ondergronds of op die oppervlakte, binnegaan nie.

(2) 'n Persoon wat bewus word van enige storting, hetsy toevallig of andersins, van enige hoeveelheid vlambare vloeistof of vlambare stof wat 'n brandgevaar kan inhou vanuit enige perseel of voertuig in enige riool of drein of enige inlaat of drein verbind met sodanige riool of drein, moet dit onmiddellik aan die brandweerhoof rapporteer.

(3) Enige persoon wat subartikels (1) en (2) oortree begaan 'n misdryf.

57. Vlambare gas

Geen persoon mag enige ballon of ander apparaat met vlambare gas vul sonder die skriftelike magtiging van die brandweerhoof nie, en onderworpe aan sodanige voorwaardes soos hy mag vereis.

58. Rookbeperkings en wegdoen van ontvlambares

(1) Indien toestande bestaan waar rook 'n brandgevaar op enige perseel mag veroorsaak, moet rook verbied word en "Rook Verbode"-tekens wat aan SANS 1186: Deel 1 voldoen prominent vertoon word soos gelas deur die brandweerhoof.

(2) 'n Persoon mag nie 'n "Rook Verbode"-teken verwyder of beskadig nie.

(3) Geen persoon mag 'n sigaret of enige ander rookmateriale aansteek of rook nie, of ander materiaal aansteek of aan die brand steek nie, of enige aangesteekte of smeulende stof weggooi op enige plek waar dit uitdruklik verbode is nie.

(4) Die eienaar of persoon in beheer van enige perseel mag nie toelaat of enige persoon 'n sigaret of enige ander rookmateriale aansteek of rook nie, of ander materiaal aansteek of aan die brand steek nie, of enige aangesteekte of smeulende stof weggooi op enige plek waar dit uitdruklik verbode is nie.

(5) Waar rook toegelaat word, moet voldoende voorsiening gemaak word vir die veilige wegdoening van enige rookmateriale en vuurhoutjies.

(6) No person may discard or otherwise dispose of a burning cigarette or any other burning materials or objects including materials capable of self-ignition or capable of spontaneous combustion, on any road, in any road reserve or in any other public place.

(7) Where any materials as contemplated in subsection (6) are discarded from a vehicle onto a road, or in any road reserve or any other place, it shall be presumed that such action was performed by the driver of such vehicle.

59. Safety requirements for informal settlement areas

In the event of establishment of any informal settlement, inclusive of any temporary settlement area, the following minimum requirements shall apply:

- (a) a safety distance of 3 metres between structures shall be maintained;
- (b) the settlement must be divided into blocks of not more 20 structures per block, with a minimum distance of 6 metres between blocks.

CHAPTER 5: REGULATION OF FIREWORKS

60. Designation of places and conditions

(1) The municipality may designate any public place or street or any part thereof within the municipal area as the only place at which fireworks may be discharged.

(2) The municipality may, on application of the owner or lawful occupier of any private open space as defined in the applicable zoning scheme regulations in its area of jurisdiction, designate such private open space as a place where fireworks may be discharged.

(3) The list of places designated in terms of subsections (1) and (2) or any amendment thereof must be published by the municipality in terms of its communication strategy.

(4) The municipality may impose conditions as to the dates on which, periods or time and hours when the discharge of fireworks may take place on any designated area and may further impose conditions as to the manner of discharge.

61. Discharge of fireworks

(1) No person may discharge any fireworks outside an area designated by the municipality in terms of section 60.

(2) Any person who wishes to present a fireworks display must apply to the chief fire officer for authorisation by completing and submitting an application in the form and manner determined by the municipality together with the prescribed fee and a sketch plan of the proposed venue for the fireworks display, including the demarcated area for the discharge and fallout of the fireworks.

(3) The application, prescribed fee and accompanying documentation must be submitted to the chief fire officer at least 14 days before the date of the proposed fireworks display.

62. Dealing in fireworks

(1) No person may deal in fireworks unless—

- (a) that person holds the required fireworks licence in terms of the Explosives Act; and
- (b) has written authority from the chief fire officer.

(2) Any person who wishes to obtain the written authority of the chief fire officer to deal in fireworks as contemplated in subsection (1) must—

- (a) complete an application in the form and manner determined by the municipality; and
- (b) submit it to the chief fire officer together with the prescribed fee at least 30 days before the authority is required by the applicant.

(3) The chief fire officer may cancel any written authority to deal in fireworks if the holder of the authority contravenes any provision of this by-law.

(6) Geen persoon mag 'n brandende sigaret of enige ander brandende materiale of voorwerpe ingesluit materiale vatbaar vir self-aansteking of vatbaar vir spontane ontbranding, op enige pad, in enige padreserwe of in enige ander openbare plek wegdoen of wegmaak nie.

(7) Waar materiaal soos bedoel in subartikel (6) weggedoen word vanuit 'n voertuig op 'n pad, in enige padreserwe of enige ander plek, sal veronderstel word dat sodanige aksie deur die bestuurder van die voertuig geneem is.

59. Veiligheidsvereistes vir informele nedersettingsareas

(1) In die geval van die stigting van enige informele nedersetting, ingesluit enige tydelike nedersettingsarea, is die volgende minimum vereistes van toepassing—

- (a) 'n veiligheidsafstand van 3 meter tussen strukture moet gehandhaaf word; en
- (b) die nedersetting moet verdeel word in blokke van nie meer as 20 strukture per blok, met 'n minimum afstand van 6 meter tussen blokke.

HOOFSTUK 5: REGULERING VAN VUURWERKE

60. Aanwys van plekke en voorwaardes

(1) Die munisipaliteit mag enige openbare plek of straat of enige deel daarvan binne die munisipale gebied aanwys as die enigste plek waar vuurwerke afgevuur mag word.

(2) Die munisipaliteit mag, op aansoek van die eienaar of wettige okkupeerder van enige private openbare plek soos omskryf in die toepaslike skemaregulasies, sodanige private openbare plek aanwys as 'n plek waar vuurwerke afgevuur mag word.

(3) Die lys van plekke aangewys ingevolge subartikels (1) en (2) of enige wysiging daarvan moet deur die munisipaliteit ingevolge sy kommunikasie beleid gepubliseer word.

(4) Die munisipaliteit mag voorwaardes op lê ten opsigte van die datums waarop, periodes of tye en ure wanneer die afvuur van vuurwerke op enige aangewese gebied mag plaasvind en mag verder voorwaardes op lê ten aansien van die wyse van afvuur daarvan.

61. Afvuur van vuurwerke

(1) Geen persoon mag enige vuurwerke afvuur buite die gebied aangewys deur die munisipaliteit ingevolge artikel 60 nie.

